## 10 Februarie Matteus 25:31-46 (5:7)

### *Die ware Koninkryksburger: Bewys barmhartigheid uit dankbaarheid*

In die Saligsprekinge gaan dit eintlik om sondaars wat deur die Heilige Gees verander is na armes van gees, na treurendes oor die sonde, hongerendes na wat reg is, ens. So kry die begenadigde mens 'n verantwoordelikheid van God se kant: Hy moet dade doen wat pas by wat God se Gees van hom gemaak het.

Die ware Koninkryksburger gaan nou die dade doen: Hy gaan onder andere barmhartigheid bewys. Wat is Godgewilde barmhartigheid? Sosiale liefdadigheid, of 'n blote gevoel van jammerkry? Nee, dit is besondere dade, sê Jesus in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan. Besondere dade, gebore uit 'n besondere hartsgesindheid: Dankbaarheid vir God se groot barmhartigheid aan my. Want dit is juis die saligheid van die barmhartiges: Hulle ontvang barmhartigheid van die HERE God! Ja, hoe groot is God se barmhartigheid nie. Hy het my uit genade alleen, deur Jesus Christus, vrygespreek van die doodstraf op die sonde. En sy Heilige Gees het my hart omgekeer om die ware geloof daar in te plant. Ek wil nou met 'n dankbare hart dade van barmhartigheid bewys.

En hoe laat die HERE die ware Koninkryksburger dade van barmhartigheid doen? Hy werk so "mensgewys". Hy bring mense wat in een of ander nood is op jou pad: Werkloses, siekes, armes, bedroefdes, bejaardes en hongeriges. 'n Ryke in geestelike nood. Iemand smagtend na die erediens maar sonder vervoer. Sien jy hierdie mense langs jou pad raak?

As jy na jouself kyk, sien jy iemand wat uit dankbaarheid dade van barmhartigheid doen?

Sing: Psalm 18:12,14 Ds. R.L. Vorster (Odendaalsrus)